HOOFFOTO: 'n Enkele geweerskoot het alle plaasaktiwiteite tot stilstand gebring en Mariette Nel geskend agtergelaat. Agter is haar plaashuis en werf. Sy is 100 m daarvandaan agter die stuurwiel van haar bakkie met 'n haelgeweer in die gesig geskiet. BO: Mariette by Miriam Mamyembe, haar huishulp, wat saam met haar in die bakkie was toe hulle groente mark toe wou wegbring.

'Om oor te begin. Dit is my grootste begeerte'

en Miriam noodgedwonge koek bak en verkoop, en die plaasgrond moes sy aan 'n buurman verhuur. Nogtans was sy binne 'n jaar R16 000 agter met haar verbandpaaiemente, en die bank wou die plaas terugneem.

"Die dreigbrief van die bank het my finaal geknak," vertel sy. "Ek was moedeloos, want al begeerte wat ek toe steeds deur al die pyn gehad het, was om die plaas te behou en weer te kan boer sodra ek sterk genoeg is."

Dit is dan hoe alles tot 'n einde gaan kom, het sy verslae gedink. Maar toe hoor 'n groep Indiër-sakemanne, wat onder meer die Midlands Meat Market op die dorp besit, van Mariette se krisis. Hulle het haar nie persoonlik geken nie, maar het sonder huiwering vir haar die R16 000 geleen.

Dié geld het sy klaar terugbetaal: Elke Saterdag nadat sy haar koeke verkoop het, het sy vir hulle 'n geldjie gevat.

Dit is vir haar moeilik om op die dorp te kom. "Ek kan hoor hoe lag die mense vir my. Dan draai ek maar weg. Kyk, ek sê nie ek was beeldskoon nie, maar ek was nooit afskuwelik nie. En hierdie gesig . . . dit is walglik. Ek sal nooit daaraan gewoond raak nie."

Omdat die vel oor haar kakebeen uit haar been gesny is, groei daar nou hare op haar gesig. "Ek moet elke oggend skeer. Ek hou nie daarvan nie, want ek is 'n vrou, nie 'n man nie."

Buite op die stoep van die plaasopstal dek Mariette en Miriam die tafel vir teetyd. Natuurlik met 'n vars gebakte roomkoek daarby. Mariette skink tee, sny koek en gee aan. Vir haarself skep sy niks in nie, want sy kan nie voor ander mense eet en drink nie. Vloeistof moet sy met 'n strooitjie inneem, maar selfs dit mors nog baie. Die dae van vaste kos is verby; sy moet alles fynmaak of versap en dit dan met moeite in haar mond kry.

Maar dit gaan darem nou beter, sê sy, want nadat sy destyds uit die hospitaal gekom het, moes sy 'n tyd lank alles wat sy wou inneem, in vloeistofvorm deur 'n pyp in haar maag spuit. Die magteloosheid het haar woedend gemaak: "My gesig is walglik, my boerdery is vernietig en buite loop 'n aanvaller los rond. En dit vir R300!"

WOEDE en depressie, selfs selfmoordneigings, is van die sterkste emosies waarmee misdaadslagoffers soos Mariette worstel, vertel haar vriendin Lita Fourie van die ondersteuningsorganisasie Tabita. Hulle het mekaar ses jaar gelede ontmoet toe boere Lita genader het om Mariette emosioneel te ondersteun.

"Die slagoffer moet weet daar is hulp; daar is lewe ná die aanval. Die slagoffer moet iemand hê om mee te praat en die emosies uit te kry."

Mariette stem saam. Sy het haar verhaal vertel vir 'n DVD wat oor plaasaanvalle gemaak word, en dit was genesend om haar storie voor die kamera te vertel en te herleef, vertel sy.

"Dit is eers moeilik, maar later vloei dit net soos al die pyn uitkom." Binne haar voel sy nou al beter, maar dit is steeds nie lekker om na haarself in 'n spieël te kyk nie.

Maar dalk kan dit ook binnekort verander, want Tabita samel geld in om haar gesig reg te maak. "Dit gaan 'n tyd duur, want dit is 'n duur proses," sê Lita. "In die omgewing van R600 000."

Sy is bekommerd oor Mariette en Miriam se veiligheid. Twee maande gelede is weer op hulle geskiet, maar dié keer was dit mis. Soms knor en blaf die honde dringend, dan weet Mariette iemand is buite.

'n Maand gelede het sy haar bakkie op klippe in die skuur aangetref nadat al vier wiele afgesteel is. En tevore het iemand een van haar hondjies in 'n boom naby die opstal opgehang.

Maar sy weier om die plaas te verlaat: "Ek wil net boer, dis al wat ek vra. Ek is nie bang om hier te woon nie, want ek glo niks verder sal met my gebeur as dit nie die wil van die Here is nie."

Dit gaan stadig, maar sy sit van haar bakgeldjies eenkant om eendag weer 'n paar varke en bokke te koop. "Om oor te begin. Dit is my grootste begeerte." Met 'n nuwe kakebeen met 'n lip en tande sodat die mense nie meer vir haar sal lag nie.

Raak betrokke Vir nog inligting kontak Lita van Tabita by 072-542-7352 of per e-pos by tabita12@ovi.com. □

SÊ JOU SÊ
Praat saam op ons webtuiste, Facebook, Twitter of mobi.

REGS: Mariette en Miriam se varsgebak moet hulle uit die verknorsing help, maar geld word reeds afgeknyp om eendag weer 'n paar diere te koop. Want boer wil sy weer.